

Kaapstad
 17°C
 19 km/h NW

DIE BURGER



Video: Renoster se horing chirurgies verwyder

f deel 42 twiet 1 E-pos kommentaar

Sondag 20 Oktober 2013

MALANI VENTER



Slegs
R99
 per maand

Aljou nuus:
 Vars, multimedia-verryken
 gebondel vir maklike toegang
 op slimfoon, tablet en
 rekenaar.

DIE BURGER Beeld Volksblad

BESKIKBAAR OP DIE VOLGENDE PLATFORMS



KAART



WORCESTER. – Die horing van 'n witrenosterkoei, wat hergroei het twee jaar nadat stropers dit vermoedelik afgekap het, is Saterdag deur veeartse chirurgies verwyder.

Dit het deel gevorm van 'n reeks werksessies wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veeartse geborg is om veeartse op te lei oor hoe om traumatiese gevalle, soos renosters wat deur stropers onthoring is en oorleef het, te hanteer.

Woensdag 30 Oktober 2013

Kontak Ons | Meld Aan | Subskripsie

begin om die renosterkoei Lady te opereer. Sy is saam met 'n witrenosterbul, Higgins, in Desember 2011 deur stropers in die Fairy Glen-wildreservaat buite Worcester onthoring.

'n Deel van haar horing het intussen hergroeï omdat dit nie soos die bul s'n heeltemal uit die neusholte gekap was nie. 'n Abses het onder die horing ontstaan, en daarom moes die horing verwyder word.

Dr. Jana Pretorius, 'n wildveearts, het Lady met 'n dosis van onder meer etorfien geïmmobiliseer en die span kundiges het haar verder verdoof.

Steenkamp het die horing verwyder, terwyl Lady se temperatuur en hartklop onder haar stert deur dokters gemonitor is.

'n Abses wat onder die horing was, is ooggemaak en monsters is geneem vir bakteriële kweking. Dit sal getoets word om te bepaal watter tipe antibiotika vir die dier gegee moet word.

Ná dié operasie was dit Higgins se beurt. Sy oë is onder meer vir blindheid getoets en sy wond en sinusse is ondersoek.

“Die bul het minder siekte in sy wond gehad,” het Steenkamp gesê. Daarbenewens blyk die bul se sig ook normaal te wees.

Volgens Steenkamp is die bul se wond baie groot en is verskeie veloorplantingstegnieke al beproef. “Sodra ons 'n tegniek het wat werk, sal ons ook vir Higgins wil behandel,” het hy gesê.

“Die meeste wat ons vandag [Saterdag] hier gedoen het, was 'n eerste. Wat ek op kadawers gedoen het, het ons vandag in die praktyk gedoen en dis om lokale verdowing te gebruik vir die neusarea, asook om die horing te verwyder.”

Die diere se wonde sal oor sowat drie weke weer ondersoek word en intussen deurentyd gemonitor word.

 deel  42  twiet  1  E-pos  kommentaar

Jy moet aangemeld wees op ons webwerf om kommentaar te kan lewer.

[Klik hier om aan te meld](#), of [hier om te registreer](#) indien jy nog nie 'n gebruikersprofiel geskep het nie.

Media24 Digitale Nuus: Só voer ons gesprek

Ons is ten gunste van oop gesprek en wil aan al ons lesers die platform gun om saam te praat. Die “wagwoord” in die kommentaar-afdeling van ons webwerwe is respek. Respek vir mede-lesers en die mense en gebeure waaroor ons berig. Ons sal nie seksisme, homofobie, rassisme of ander vorms van haatspraak duld nie en behou ons die reg voor om kommentaar te verwyder. Kortom, speel die bal, nie die man nie.

